

PRO

VERITATE

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

Jaargang II Nr. 6

Intekengeld R2 Subscription

By die Hoofskantoor as nuusblad geregistreer.

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Oct. 15 Okt. 1963

Volume II No. 6

Registered at the Post Office as a Newspaper

Dr. W. A. Alheit*

DIE RADIO EN EVANGELISASIE

Voordat ons tot die praktiese aspek van die saak kan kom, is dit nodig dat ons 'n sekere begripsbepaling moet verkry. Ons moet naamlik vasstel:

1. Wat is EVANGELISASIE? en
2. Wat is die feitelike posisie in verband met die radio in Suid-Afrika (asook in Afrika) vandag en watter moontlikhede is daar vir CARA om die radio aan evangelisasie diensbaar te maak?

1. Wat is Evangelisasie?

Ons sal die begrip „evangelisasie” miskien die beste verstaan wanneer ons dit sien as „die hantering van 'n situasie wat uit 'n bepaalde tydsbedeeling voortvloei”. Die Grieke het 'n woord gehad — kairos — wat min of meer beteken het: die volheid van die tyd. So is Christus gebore en het die christelike kerk ontstaan en gegroei in die volheid van die tyd, of, soos ons vandag dit sou uitdruk: die tyd was ryp daarvoor. Deur die eeue heen was daar verskillende sake waarvoor die tyd ryp was, byvoorbeeld: 400 jaar en meer gelede was die tyd ryp vir hervorming in die christelike kerk, en het die dan ook met krag gekom. In ons tyd is daar 'n „kairos” in meer as een opsig. Op maatskaplike gebied beleef ons tans die rypheid van die tyd met betrekking tot rasseverhoudinge — die hele wêreld is gaande daarvoor en in ons land staan ons in besonder in die brandpunt van hierdie hele aangeleentheid. Op wetenskaplike gebied is daar 'n „kairos” vir tegnologiese ontwikkeling, wat selfs nuwe terreine betree, soos ruimtevlugte — die hele wêreld is gaande daarvoor.

Die „Kairos” van ons dag

Ook op geestelike gebied is daar 'n „kairos”. Daarvoor is die hele wêreld wel nie gaande nie, maar die Kerk van Christus wel, want binne die grense van die Kerk, sowel as daarbuite, is daar 'n afvalligheid en vervreemding van Jesus Christus soos nog selde of ooit tevore — en dit van mense wat lidmate van die Kerk is maar geen kennis en begrip van Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker het nie, of mense wat hulle verband met die Kerk reeds verbreek het, maar hulle self nog steeds goeie christenmense noem. Dit is 'n verskynsel wat sedert die tweede wêreldoorlog veral sterk op die voorgrond tree. Materialisme, sekularisering en baie ander faktore werk dit in die hand, maar ons moet dit moontlik ook eskatologies sien, want die Bybel sê: „In die laaste dae sal sommige van die geloof afvallig word...” (I Tim. 4 : 1) en: „... en omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel”. (Matth. 24 : 12). Dit is wel 'n saak van spekulasie of ons reeds „in die laaste tye” leef, maar die afvalligheid van die geloof sien ons baie duidelik in die wêreld van ons dag en as sulks is dit nie alleen 'n profesie wat in vervulling gaan nie, maar ook 'n teken van die „kairos” vir die koms van die anti-chris.

Ons kan egter nie om hierdie rede

maar nou agteroor gaan sit en sê ons het met 'n verskynsel van die tyd te doen en ons kan daar niks aan doen nie, want die Kerk van Christus word op aarde geroep om die strydende Kerk te wees en te bly totdat Jesus Christus op die wolke van die hemel kom. En na mate die stryd heftiger word, moet die wapenrusting en geestelike krygsvernuf des te meer doeltreffend wees — ook met behulp van 'n moderne elektroniese massamedium soos die radio.

Die taak van die Kerk

Die taak van die Kerk is twee-ledig: „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies...” en: „Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matth. 28 : 19). Die eerste noem ons gewoonlik die sending-aksie van die Kerk. Oor hoe die radio in diens van die sending gebruik kan word, het ons aanstonds 'n referaat. Oor die tweede taak gaan dit nou hier: hoe om die mense wat reeds dissipels gemaak is, te leer om alles te onderhou, en veral: hoe om hulle wat vergeet het wat hulle geleer het, dit weer te leer; hoe om hulle wat aan die Kerk behoort, maar van die Kerk af weggehoop het, weer na die Kerk terug te bring.

Laat ons eers daarop let dat ons twee groepe van buitelanders het — openlike buitelanders en bedekte buitelanders. Die eerste groep is mense wat openlik hulle verband met die kerk verbreek het — hulle verstaan nie meer die taal van die kerk en sy Bybel nie en stel ook nie meer belang daarin nie. Hulle gee ook nie meer om dat hulle nie meer lidmate van een of ander kerk is nie. En tog is hulle dikwels goeie mense wat volgens baie van die standaarde van die Christendom lewe — hulle is geen heidene of barbare nie. Hulle is, soos een skrywer dit uitgedruk het „christene deur osmose”. Baie van Wes-Europa en Noord-Amerika se mense lewe vandag so — en ook al heelwat hier in ons eie land. 'n Groter groep, in ons land althans, is die „bedekte buitelanders”. Hy is 'n lidmaat van die kerk; hy is in die kerk getroud en sy kinders is in die kerk gedoop — en hy word uit die kerk begrawe, maar dit is ook omtrent al verband wat hy met die kerk het. Miskien kom hy nog nou en dan in die kerk, of selfs taamlik dikwels en hy gee nog vir die kerk, maar in sy lewe van elke dag beplan hy sy toekoms en neem hy sy besluite en leef hy sy lewe sonder dat Christus daar enige seggenskap in het of die woord van die Here daar enige maatstaf voor is. Wat sy praktiese lewe en omstandighede en handelwyse en gesindhede betref, kan Christus en sy

Kerk ook maar net so goed nie bestaan het nie.

Dit is die kenmerke van die gemiddelde mens in die sogenaamde christelike lande. Dit is die kenmerke van 'n ontstellende groot groep lidmate van die kerke hier in ons eie land. Dit neem natuurlik nie die feit weg dat daar 'n kern is wat toegewyde, geesvervulde lidmate is nie; wat hul lewens inrig volgens die woord van die Here en buig voor die gesag van God; wat deur die werk van die Heilige Gees in hul harte Jesus Christus ken as hul persoonlike Saligmaker en God as hul hemelse Vader met die getuenis van die Heilige Gees saam met hul gees dat hulle kinders van God is. Hulle is in der waarheid die sout van die aarde en die

lig van die wêreld. Maar wat van die sout wat laf geword het en die lamp wat onder die maatemmer verberg is? Wat van die bedekte en openlike buitelanders?

Hoe kan die kerk weer kontak met die buitelanders maak; watter taal moet hy praat om homself verstaanbaar te maak aan die mens wat van Christus vervreemd geraak het; watter middels kan hy aanwend in die uitvoering van hierdie taak? Te midde van die baie middels en metodes wat bedink en beplan en beproef word, het ons vandag hier met een te doen: DIE RADIO:

Kan die radio 'n nuttige instrument wees in die hantering van 'n situasie Vervolg op bladsy 2

The Significance of the Toronto Congress for the Anglican Communion

Dr E. Knapp-Fischer, Bishop of Pretoria Diocese.*

In this letter I can only attempt to tell you a little about the most important thing which has come out of the Toronto gathering. This is quite a short document, but what it has to say is of the greatest significance for every single Anglican in every part of the world. It has a rather formidable title: „Mutual Responsibility and Interdependence in the Body of Christ”; but the important and fundamental things it has to say can be understood by all and every one of us. Before you hear what it says you will want to hear how this document came into existence. It was conceived at one of several preliminary meetings held before the Congress at London, Ontario, attended by the Archbishops and Primate of the eighteen Provinces of the Anglican Communion and their advisers. It was born on Saturday, August 17, when it was presented to some 2,000 Anglicans from all parts of the world at the Congress, and enthusiastically approved by them. They further undertook to do all in their power, by God's Grace, to commend and explain it to the people of their parishes and dioceses, and to win the active co-operation of every Anglican in putting its principles into practice.

A fundamental principle is summed up in its title, but this needs to be explained and expanded. It means that every part of the Anglican Communion in all six continents must realize, as never before, that they are members one of another, and that they must work together in a new partnership for the extension of Christ's Kingdom, which is the Mission of His Church. This involves several things:

1. The continuing vocation of Anglicanism. People sometimes suggest that as more and more reunion schemes are concluded, the Anglican part of the Church Universal will soon lose its own identity as it is merged into other united bodies like, for example, the Church of South India. Although this will happen one day when according to Christ's desire all churches will be truly one in Him, and all lose their separate identities in the one Church, that day is still distant.

Meanwhile the Anglican Communion must still preserve the distinctive treasures of its great tradition for the sake of that one Church which will one day come into existence, including all the distinctive contributions which the still separated churches must make to its life if it is to be truly the Body of Christ. The Anglican Communion would betray its vocation if it were to disappear prematurely. Meanwhile our immediate task and responsibility is both to work and pray for unity, and to become better Anglicans, who recognize and understand the rich inheritance which has been entrusted to us by God for the benefit and enriching of His whole Church.

2. The old distinction between „giving” and „receiving” churches must go. In the past some older churches, for example, the Church in England, have been regarded as founding churches, while other younger churches, for example, in Africa or India, have been regarded as mission churches, largely supported by the older ones. Now we must recognize that all the churches of the

Cont. on page 2

Die Radio en Evangelisasie

Vervolg van bladsy 1

wat uit 'n bepaalde tydsbedeling voortvloei? Kan die kerk die woord van die Here deur middel van die radio aan die man bring wat dit andersins nie meer hoor nie? Laat ons dit dadelik duidelik stel dat die radio geen towerstaf is waarmee allerlei soorte van wonderwerke gedoen kan word nie; of dat ons deur die radio probleme kan oplos wat op geen ander opgelos word nie. Die radio het baie beperkinge, en die radio kan nooit meer as 'n HULPMIDDEL wees nie, maar dan ook 'n baie belangrike hulpmiddel — 'n elektroniese massamedium waarmee mense in 'n korter tydperk bereik word as met enige ander medium. Die ironie is dat dit juis die radio is (en in oorsese lande de beeldradio) wat 'n belangrike rol speel in die vervreemding van die godsdiens — die mense se aandag word so volledig in beslag geneem deur sekulêre dinge wat die hele dag deur die radio en beeldradio aan hom voorgehou word, dat daar nie eintlik meer tyd oorbly vir die godsdiens nie — vir Bybelstudie en bepeinsing en gebed. Die eerste wat hy in die oggend hoor is die nuus en die laaste wat hy in die aand hoor is die nuus en tussenin 'n honderd ander dinge en allens draai sy hele lewendag om die bloot alledaagse en tydelike dinge. Kan hierdie selfde medium — die radio — wat die mens so sekulêr en materialisties maak ook gebruik word om die mens na God en sy Woord terug te bring?

Laat ons dan in die tweede afdeling vir onself afvra: „Wat is die feitelike posisie in verband met die radio in Suid-Afrika (en Afrika) vandag en watter moontlikhede is daar vir CARA om die radio aan evangelisasie diensbaar te maak?”

Maar dan moet ons daarby duidelik verstaan dat CARA nie as 'n entiteit op sy eie optree nie maar as mondstuk van die Protestantse Kerke in Suid-Afrika wil dien. Dit is dus in eintlike sin die Kerk wat die radio in diens neem.

Wat is die radio-posisie in Suid-Afrika? — Heeltemal anders as in feitlik enige ander land van die wêreld! In die lande agter die yster- en bamboesgordyn is die radio in die hande van die staat en word uitsluitlik gebruik om die heersende staatsbeleid te propageer en uit te bou. In sover die kerk nog mag bestaan, het hy geen seggenskap oor die radio of geleentheid om daarvoor uit te saai nie. In die meeste lande van Wes-Europa en veral in die V.S.A. (waar die meeste radios per bevolking gevind word) is die posisie geheel en al anders. Daar word die elektro-magnetiese golwe deur privaat maatskappye beheer. Die oorgrote meerderheid van die 5,158 uitsaaistansies in Amerika is handelsensers — iets soos ons Springbokradio; 'n tweede en veel kleiner groep behoort aan stadsrade en soortgelyke publieke liggame, en 'n derde heel klein groep behoort aan universiteite, skole en teologiese skole. Daar word — ook oor die handelsensers — baie godsdiensprogramme uitgesaai, maar die kerke moet ten duurste daarvoor betaal. Een program bv. „The Lutheran Hour” (ook genoem „Bringing Christ to the nations”) word weekliks oor meer as 'n duisend senders uitgesaai, maar dit kos die Lutherse Kerk in Amerika meer as R2,000,000 per jaar.

Posisie in Suid-Afrika

In Suid-Afrika is die posisie egter geheel en al anders. Hier het ons 'n semi-staatsbeheerde radio, waar die staat volle seggenskap oor die eteruim het maar die uitsaaierwerk gedoen word deur 'n staatsbeheerde maatskappij of korporasie — die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie — gestig in 1936 en sedertdien uitgebou tot drie afsonderlike uitsendings — die Afrikaanse sender; die Engelse sender en die handelsender, plus 'n Afrika-diens en 'n al groter wordende Bantoe-diens. Van die stigting van die S.A.U.K. in 1936 het die kerke geleentheid gekry om uit

te saai — oggend- en aanddienste op Sondag; oggend- en aandoordenkinge gedurende die week en later ook ateljeedienste, godsdiensprogramme, programme ens. Vandag word, oor die Afrikaanse sender, sowat 8% van alle uitsaaityd aan godsdiensprogramme bestee en 'n ietwat kleiner persentasie oor die Engelse sender. Oor die handelsender word geen tyd vir spesifiek godsdiensprogramme toegestaan nie. Hierby kom ons later weer.

Wat egter duidelik is, is dat ons in Suid-Afrika 'n unieke posisie het wat ons in geen ander land vind nie — die woord van die Here word dikwels uitgesaai, maar die kerke het geen koste daaraan nie. Hoeveel daar reeds vir die koninkryk van die hemele bereik is deur hierdie uitsendings, sal die ewigheid alleen kan openbaar.

Die vraag is egter of die veranderende omstandighede van ons tyd nie ook 'n veranderde godsdiensprogramme oor die radio noodsaak nie. Wie luister eintlik na die huidige godsdiensprogramme uitsendings oor die S.A.U.K.? Onderzoek het aan die lig gebring dat dit hoofsaaklik die toegewyde kerkmens is wat daarna luister. Die programme is dan ook op hierdie groep van mense ingestel — kerkdienste, godsdiensprogramme oordenkings ens. Vir die bedekte of openlike buitestander is die godsdiensprogramme nouliks enige kontakpunt.

Hoe kan die bestaande tyd vir godsdiensprogramme uitsendings — of altans 'n gedeelte daarvan — omskep word om die aandag en belangstelling van die buitestander vas te gryp; om hom te laat beseef dat hy glad nie so 'n goeie christenmens is as wat hy dink nie, maar hom juis in kontak — en tegelyk konflik — met God te bring; om hom uit sy selftevredenheid wakker te skud en hom as 't ware na sy kerk en na sy Bybel terug te dryf; om hom nie net 'n begrip te gee van die sondigheid van die mens, en dus ook van sy eie sondigheid nie, maar ook die werklikheid van Gods genade en die aanbod tot vergifnis in Christus duidelik te stel — en hom sodoende ook terug te bring tot die kerk? Hoe kan dit gedoen word? Hier lê, myns insiens, een van die grootste take van en uitdagings aan CARA. Dit sal geen gemaklike taak wees nie. Dit sal baie inspanning en studie; behendigheid en toewyding; gebed en arbeid noodsaak. Maar dit is ook 'n groot en heerlike geleentheid.

Die beleid van die S.A.U.K. is om geen tyd oor die handelsender - Springbokradio - vir godsdiensprogramme uitsendings te verkoop nie. Die rede sal duidelik wees - enige groep of rigting sou dan enigiets kon uitsaai wat baie probleme en komplikasies sal meebring.

Nou lyk dit vir my die aangewese weg, of altans, vir die huidige, 'n geskikte beginpunt vir die Christelike Aksie deur die Radio in Suid-Afrika om programme vir Radio Suid-Afrika te lewer.

Laat ek hierdie beeld gebruik: Veronderstel hier is 'n groep studente wat graag Sondag in Langa (of elders) sendingwerk wil gaan doen, maar hulle weet nie hoe om daar te kom nie en dus begin hulle nou planne maak om 'n bus te koop. Maar hier kom 'n goeie vriend en hy sê: Kyk, ek sal julle elke Sondag met my bus en op my koste daarheen neem en terugbring. Dit sou verstandig wees as die studente dan van sy aanbod gebruik sal maak.

Nou lyk dit vir my tog verstandig dat CARA op hierdie stadium gebruik sal maak van die reeds beskikbare fasiliteite en liever die beskikbare fondse sal bestee in die voorbereiding van hoogstaande programme as in die oprigting van 'n sender. Ek sê egter uitdruklik: op hierdie stadium, want CARA staan nie net vir die Christelike aksie deur die Radio in Suid-Afrika nie, maar in Afrika. Die taak en doelstelling is veel groter as die genoemde beginpunt. Gans Afrika moet vir Christus bereik word. Maar dit lê dan veel

meer op die gebied van die sending as die evangelisasie.

Ook hier is geskikte beginpunte deur gebruik te maak van Radio ELWA en Radio Voice of the Gospel. Die dag mag egter ook aanbreek dat CARA — érens — 'n sterk sender sal oprig om Afrika met die evangelie te bedien.

„Die Radio en Evangelisasie” — hier wag vir CARA 'n geleentheid en 'n voorreg; 'n taak en 'n opdrag.

Daarom wil ek graag aan die hand gee dat hierdie Konferensie van CARA lede aan die CARA Trustees 'n opdrag gee om so spoedig moontlik die masjinerie in werking te stel om geskikte godsdiensprogramme op te stel en gereed te maak vir uitsending oor Radio Suid-Afrika en, in sover dit evangelisasieprogramme raak, met die verskillende Evangelisasiekommissies van die kerke te skakel om sodoende hul nouste samewerking te verkry.

In hierdie tweede helfte van die twintigste eeu, wat in so baie opsigte die kenmerke dra van die „laaste dae” waarvan die Bybel praat, het die Here

in die hande van sy Kerk op aarde 'n middel gestel om miljoene mense op 'n gegewe tydstip mee te bereik — in die hospitaalkamer; in die siekekamer; in die sitkamer; eetkamer; kombuis — oral in die huis; in die motor; in die werkswinkel, kantoor, fabriek — oral word die stem van die radio gehoor. Laat ook daar die stem van die evangelie gehoor word — in die taal wat die mens van ons dag kan verstaan. Laat ons behou wat nog behou kan word; terugbring die wat aan die wegwaal is en inbring die wat buite staan. Die geleentheid is daar; die middels is daar; die fondse sal nog almeer gevind word. In hierdie land, waarvoor ewiglik die waspoor lê en oor die nagswart noordewand heen lê die pad van die evangelie nog oop. Laat ons die Here daarvoor dank, maar laat ons ook gebruik maak van ons geleentheid solank ons dit nog het.

* Toespraak gehou deur ds. Alheit van die Ned. Geref. Kerk by geleentheid van die Konferensie van CARA te Stellenbosch. Oorgeneem uit CARA-Nuusbulletin Aug. '63

BELANGRIKE AANKONDIGING

Die interkerklike komitee wat opfrissingskursusse vir nie-blanke leraars reël, kondig tot sy innige spyt aan dat die kursus wat vir September-Oktober gereël is, uitgestel moes word aangesien 'n onvoldoende getal aansoekers ontvang is. Die rede hiervoor is blykbaar die feit dat daar tydens daardie tydperk te veel ander kerklike vergaderings plaasvind.

Die komitee probeer nou om die kursus vanaf 4 tot 28 Februarie 1964 in Johannesburg te hou, en alle belangstellendes word gevra om onmiddellik aan die Eresekretaris, Opfrissingskursusse vir Leraars, Posbus 97, Johannesburg, te skryf.

Die komitee sal dit hoog op prys stel as persone wat hierdie berig lees, dit onder die aandag van nie-blanke leraars sal bring.

The Toronto Congress

Cont. from page 1

Anglican Communion throughout the world depend mutually upon one another. Each province must realize that it must give to other provinces, both men and money, according to their needs, as well as receive from them.

3. There must be a far greater exchange of information between the different parts of our Communion. It is very important, for instance, for different provinces to be familiar with one another's prayer books; and if conversations with Methodists or Presbyterians are going on in, say, Australia, it will be a great help to those who are engaged in similar conversations in Canada or any other country to have copies of their reports. In order that we may become much better acquainted with one another's activities and needs, the Anglican archbishops will in future meet every year, and it is suggested that the Executive Officer of the Anglican Communion shall have assistant regional officers in every continent.

4. The Anglican Communion must engage more effectively in its mission to the world. It must never be forgotten that the Church exists primarily for the benefit of those who are still outside it. The plans suggested at Toronto are not designed to make us a cosy, self-contained community of Anglican Christians, but to enable us to discharge more effectively our share in the great task of proclaiming the Gospel of Christ to all mankind.

The significance of this report — and the meaning of the Congress — is summed up in the concluding paragraph:

“We are aware that such a programme as we propose, if it is seen in its true size and accepted, will mean the death of much that is familiar about our churches now. It will mean radical change in our priorities — even leading us to share with others at least as much as we spend on ourselves. It means the death of old isolations and inherited attitudes. It means a willingness to forego many desirable things in every church.

In substance, what we are really asking in the re-birth of the Anglican Communion, which means the death of many old things but — infinitely more — the birth of entirely new relationships. We regard this as the essential task before the Churches of the Anglican Communion now”.

Many people have asked me whether the Toronto Congress was a success. To that it is impossible to give an answer yet. Whether or not it proves to be so depends upon whether we, who were privileged to be there as your representatives, can pass on the vision it gave us, so that every province, every diocese, every parish and every individual Anglican everywhere accepts the challenge of its message, and determines, by God's Grace, to accept the demands which our membership of our Communion now makes upon us all.

* In his diocesan magazine of October 1963 the Bishop of the Church of the Province in Pretoria gave the following summary about the Anglican Congress in Toronto (Aug. 1963) which we reprint with his permission.

PRO VERITATE

REDAKSIONEEL DIE CHRISTELIKE INSTITUUT

Die stigting van die Christelike Instituut het in baie kringe (kerklik sowel as nie-kerklik) wye reaksie uitgelok waarin sowel goed as afkeurende kommentaar daarvoor gelewer is. Wat ookal die uiteindelijke oordeel gaan wees wat persone of liggame oor die Instituut gaan vel, is dit duidelik dat hier iets tot stand gekom het wat onder Gods genadige bestel, 'n groot en beslissende rol in die Christelike denke en lewe van Suid-Afrika gaan speel.

In die volgende uitgawe van ons blad hoop ons om vollediger inligting oor die doelstelling en werksaamhede van die Instituut te verstrek. Intussen wil ons kennis neem van die feit dat die Instituut as sy doel aangekondig het „om die Kerk van Christus op alle moontlike maniere te dien” en dat as basis die volgende sal geld: „Die Christelike Instituut is gefundeer op die Woord van God, op die geloof in God die Vader, in Jesus Christus die Seun, Verlosser en Here, en in die Heilige Gees, en op die oortuiging dat vir almal wat hierdie gemeenskaplike trou deel, dit wendlik en noodsaaklik is dat doelbewuste pogings aangewend word om hulle eenheid in Christus te betuig en te bevorder.” Lidmaatskap „sal oop wees vir enige Christen wat die basis en doelstellinge van die Instituut onderskryf. Lidmaatskap van die Instituut sal in geen opsig afbreuk doen aan die trou van 'n lid aan sy kerk en belydenis nie.”

Die Instituut het eerstens ontstaan uit die toenemende behoefte deur baie Christene uit die verskillende Protestantse kerke gevoel om as Christene op grond van Gods Woord as enigste rigsgnoer meer erns te maak met die soeke na die lig wat die Skrif gee op die vraagstukke wat die kerk en die Christendom raak en om die antwoorde op die vrae deur individuele sowel as gemeenskaplike getuienis aan die wêreld uit te dra. Die tweede aandrang tot die stigting was die steeds groeiende behoefte dat Christene meer bewus gemaak moet word van die wese en eise om Christelike eenheid en broederskap en dat deur gesprek en studie, gebed en aksie die aard en die gestalte van sodanige eenheid bepaal sal word.

In alles word lede opgeroep om hierdie oogmerke na te strew as lidmate van hulle onderskeie kerke. Die Instituut is dus geen nuwe kerkstigting nie (soos sommige verkeerdlik wou voorgee), dis geen „Kerkraad” of Raad van Kerke soos die Christenraad of ander Interkerklike Rade waar kerke amptelik op verteenwoordig is nie. Dit dien ook nie as vervanging van enige kerk nie maar wil juis die hoogste belange van die universele kerk van Christus en die koninkryk van God bevorder deur die lidmate van die onderskeie kerke meer bewus te maak van hulle roeping en taak as belydende Christene, veral in soverre dit die doelstellinge en algemene oogmerke van die Instituut raak.

Daarom wil die Instituut juis die gewone lidmaat betrek wat bekommerd is oor die ontoereikende getuienis van 'n verdeelde Christendom in ons land en wat opreg verlang om met Christene van ander kerke saam te spreek en te bid. Die feit dat lidmaatskap veelrassig is, is (soos die Skrif dit ook sien) heeltemal bykomstig en vloei natuurlikerwys voort uit die feit dat alle kerke in Suid-Afrika blanke sowel as nie-blanke lidmate insluit.

saak van primêre belang is dat dit Christelik is, dat dit die Woord van God as enigste norm stel, dat dit erns wil maak met die toepassing van die waarheid van die Skrif op alle terreine van die menslike lewe en dat dit die ware eenheid van die kerk van Jesus Christus wil soek en belig.

EDITORIAL A CRUSADE OF PRAYER

Materially South Africa has never had it so well as at present but spiritually and morally there are many danger signs which are a cause of deep concern to every sincere Christian. The lack of faith amongst many Christians of the transforming power of Christ, the decline in church attendance, the lessening influence of the church on society, the increase of divorces and the looseness of moral standards — these and many other factors are all signs of a process of spiritual and moral disintegration. There is lack of clear understanding of the basic causes of this spiritual decline and the fact that no united clarion call is forthcoming from the church as a whole to show the way out of this impasse tends to increase the confusion and adds to the doubt amongst many Christians whether the church will be able to bring about a decisive change in the spiritual life of the country.

We have noted with deep gratitude the call to prayer issued by the Christian Council and the appeals of individual church leaders and magazines on the Afrikaans-speaking side to make this a time of supplication to God, but we doubt whether the urgent need for such prayer action has penetrated the thinking of the average Christian.

We know from history that such times of confusion and doubt have always been the seasons of God's preparation for the renewal of his church. But men must first discover and confess their total inability to change anything or anybody through their own power before God reveals his own power and saving grace. It is such a confession of human incapability to save and serve the world that is needed today — and this is brought about by prayer and by prayer alone.

Such prayer always starts with individuals but must also be taken up by groups of Christians as the increasingly discover and acknowledge their own spiritual bankruptcy and the ineffectiveness and inadequacy of their witness to the world. Has the time not arrived for Christians of all denominations to start a prayer crusade within their own ranks? And to extend this to groups of Christians of other denominations so that we all may be gathered in united supplication and confession before the face of God?

OORDENKING

NAGMAAL EN MY BROEDER

Die Nagmaal is 'n brokkie van die groot fees van God vir sy Seun. Dit is voreers God wat feesvier om dan vir ons daar 'n plek te gee. Die fees van God is die fees van die Vol-einding. In Jesus wat die Laaste is, het die laaste gebeur en het die laaste aangebreek. Dit is vir ons netmaar versluier agter die wolke van sy koms. Hieragter is alles goed en alles reg soos wat God dit goed en reg wou hê. Daarom vier God fees en gee Hy ons op ons weg na die verlossing van ons liggame 'n brokkie van die feestelike te sien.

God vier fees asof daar geen skeiding meer is tussen God en mense en tussen mense en mense nie en ons volkome bymekaar is; asof daar geen sonde en dood en kwaad meer is nie; geen oorlog, honger, siekte, ellende, stryd en spanning meer is nie... omdat dit reeds in Jesus waar is! Dit is so omdat die liefde oorwin het... wat bewys is aan die kruis en bevestig is in sy opstanding. Sy fees is 'n fees van liefde. Nagmaal is die maaltyd van dié liefde wat alles oorwin... ook alles wat ons skei van onself, van ons broeder en van God en van sy natuur.

Hulle wat deelneem aan sy liefdesfees is reeds mense uit 'n ander wêreld, uit 'n nuwe skepping, met 'n ander burgerskap en 'n gans nuwe „politiek”. Hulle nagmaalwe is om die broeders lief te hê met die liefde van God... Waar hierdie wonder gebeur dat mense van allerlei aard, herkoms en karakter mekaar onverbreeklik liefhet met die liefde wat ken maar vergeef, daar kom die WERELD WEET DAT GOD SY SEUN GESTUUR HET.

Hieraan sal die wêreld weet !!: ... as mense mekaar liefhet met die liefde wat ALLES bedek, alles wat ons van nature en vanweë ons sondes so grondig laat verskil.

Maar ons het die Nagmaalsformulier by ons laat verbydreun en so in ons harte daar 'n streep deur getrek waar dit sê dat ons die eenheid van die broeders (wat soos die eenheid van 'n brood uit baie koringkorrels en wyn uit baie druivekorrels is) met die DAAD teenoor mekaar sal BEWYS. Die daad! Die daad! Die daad! En 'n broeder is ELKEEN

wat die wil van God doen. Die wil van GOD is dat ons GLO IN HOM WAT HY GESTUUR HET.

Elkeen wat glo! Elkeen! Elkeen! Hy is my broeder.

Die nagmaalwee wat God wil hê dat ek sal lei, wat ja, die nagmaalformulier van die gereformeerde groep van kerke aan ons voorhou, is dat ek met ELKEEN wat in Jesus glo EEN sal wees in sy liefde en dat ek dit met die DAAD sal bewys dat ek een IS met hom soos die wyn en die brood.

Hier alleen is daar niks te vrees nie. Hier alleen is daar geen gevaar nie. Hier alleen is daar 'n toekoms in die Here. Hier alleen is Suid-Afrika in God se wil. As ons dit weêreld moet ons die nagmaalformulier ook weggooi, wat sommige wat so gesteld is op die lees daarvan (so janatiek en so erg gesteld) nogtans in gees reeds lankal gedoen het. Vandaar hulle gesteldheid.

Maar GOD vra ons vandag of ons nie tradisie en sentiment, gewoonte en politiek, swaarder laat weeg het as die geloof nie. Ja seker! Dit is daarom dat die wêreld nie WEET dat God sy Seun gestuur het nie.

Laat ons ophou om langer met God se Woord wegkruiper te speel. Laat ons end lry met langer in die skermkryt te gaan met God se Waarheid. Laat ons God hoor spreek: „Wie sy broeder nie liefhet nie (en let op die Bybel kwalifiseer nie wie en hoe en waar ons broeder is nie,) het God nie geken nie.” Die broeder gee my moontlik oorvloedige rede vir aanstoot, is moontlik in sy hele sin vir my tot aanstoot maar hy glo in Jesus Christus. Daarom is hy my broeder. Daarom! Wie hierdie broeder nie liefhet met die vergewende liefde van God nie, het God, die Lewende God, die Vader van alle mense in Jesus, NOOIT GEKEN NIE.

O Here, van die Heerlikheid wat opgestaan het tot ons geregtigheid, leer ons om U te ken en om ons broeder in U te ken. Maak ons vry vir U alleen en vry vir ons broers, vry om lief te hê en vry om te glo dat hierdie geloof alleen die wêreld oorwin.

Amen.

Uit „Volbring”, September 1963.

Briewe van Lesers

DR. GEERTSEMA NA „REFORMED CHURCH OF AUSTRALIA”

Geagte Redaksie,

Vergun my, in verband met die mededeling in u blad van 15 Augustus dat u medewerker, dr. P. G. Geertsema 'n beroep aangeneem het na die Hervormde kerk in Perth, Australië, die opmerking dat hy nie aangeneem het na die Hervormde kerk nie, maar wel na die „Reformed Church of Australia” d.i. dié kerk wat 12 jaar gelede gestig is deur ds. J. van der Bom onder die tarryke Nederlandse immigrante in die land. Omdat die Presbyterian Church van Australië nie meer op die grondslag staan van die Westminster Belydenis, maar leervryheid onder die predikante voorstaan, kon die Hollanders nie by die kerk aansluit nie, maar het wel toenadering gesoek tot die Vrye Presbyteriaanse kerk, wat die gereformeerde belydenis handhaaf. Daar het selfs predikante uit die Presbyteriaanse Kerk oorgegaan na die Reformed Church omdat hulle geen vrede gehad met die toestand in hul eie kerk nie.

Die Reformed Church het tans 14 predikante, waarvan

sommige uit die Christian Reformed Church in Amerika oorgekom het; dit het 'n eie teologiese skool in Geelong en het enorme vordering gemaak. Hy staan vas op sy gereformeerde belydenis, en werk hartlik saam met ander kerke, wat hulle hou aan die Woord van God.

Die verslag van die United Presbyterian Church in die Verenigde State toon dieselfde afwyking van die belydenis en 'n toename van die liberalisme soos die kerk in Australië.

Die besluit om die Bybel uit die publieke skool te verban, is 'n parallel met dieselfde besluit van die liberale regering in Nederland in 1878, wat aldaar die stoot gegee het tot die oprigting van Christelike skole.

Hierdie moderne gees openbaar hom ook in die Wêreldraad van Kerke, waarvan die leiers ook tot die United Presbyterian Church behoort en wat die oorsaak is dat, sowel die N.G. Kerk as die Hervormde Kerk van Suid-Afrika hulle uit dié liggaam onttrek het.

Die grootste gevaar, wat die Kerk van Christus teenswoordig bedreig is die gevaar van binne, wanneer dwaalle-

raars in die kerk opstaan. Die apostel Paulus, en ook Johannes waarsku daarteen in sy briewe telkens, en veral 2 Thess. 2 : 4, wanneer die Antichris die kerk indring, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God sal sit en voorgee, dat hy God is.

Hierteen moet ook in u blad gewaak word.

W. Hovy

NOTICE

We wish to apologise for the late publication of the September and October issues of Pro Veritate. This was due to circumstances outside our control. From November it will appear on the 15th of each month as usual. — Editor.

KENNISGEWING

Ons wil verskoning vra vir die laat verskyning van die September en Oktober uitgawes van Pro Veritate. Dit was te wyte aan omstandighede buite ons beheer. Vanaf November sal die blad weer op die 15de van elke maand verskyn soos gewoonlik. — Eindredakteur.

RECONCILIATION :

THE WORLD'S FUNDAMENTAL NEED

EXTRACTS OF THE MODERATOR'S ADDRESS GIVEN BY THE RIGHT REV. W. M. J. LUND, B.A., OF ADELAIDE TO THE GENERAL ASSEMBLY OF THE PRESBYTERIAN CHURCH OF SOUTHERN AFRICA, SEPTEMBER, 1963.

I want to speak to you about reconciliation. Not that human thing, where our human goodwill sometimes manages to break through barriers and divisions between individuals or groups or people; but the reconciliation that God has wrought for us in Jesus Christ.

